LAERSKOOL BAKENKOP

Posbus 51928, Wierdapark, 0149
Underbergstraat 5 Wierdapark, Centurion
Kantoor nommer 087 809 0920
Tel 012 – 653 4187/8 faks 012 653 4129
E-pos: admin@laerskoolbakenkop.co.za
www.laerskoolbakenkop.co.za

23 JANUARIE 2012

AAN WIE DIT MAG GAAN

GHOLFDAG – L/S BAKENKOP – 1 MAART 2012

L/s Bakenkop se jaarlikse Gholfdag vind op 1 Maart by Dienste Gholfklub plaas. Dit is deel van ons jaarlikse fondsinsamelingsprojekte.

L/s Bakenkop is 'n veelrassige skool, en ons is afhanklik van fondsinsamelings- projekte om die skool steeds bekostigbaar vir almal te maak. Fondse wat ingesamel word, word ook aangewend om ons perseel, opvoedkundige- en sportapparaat aan te vul en te verbeter.

Ons skool se naam word aan die dag gekoppel, en dus kan ons u verseker dat hierdie dag, goed georganiseerd en definitief waarde vir u geld sal wees. U as borg kan gerus van hierdie geleentheid gebruik maak om u kliënte te onthaal.

Enige pryse of donasies wat deur u maatskappy aan ons geskenk kan word, sal ons help om 'n sukses van ons Gholfdag te maak.
Hierdie is die ideale geleentheid om u produkte bekend te stel en uself te bemark, deur die skenk van pryse, geskenkbewyse of een van 'n verskeidenheid sakpas borgskappe. Erkenning sal op die program aan alle borge gegee word.

Ons gee bv ook aan elke speler 'n verwelkomingspakket, en hiervoor benodig ons enige "sample". In so 'n pakket sit ons gewoonlik sonroom, sjampoo, lekkergoed ens. 'n Goeie geleentheid om u produk te adverteer, deur u kontaknommer aan te heg.

Ons gee ook vir u die pryse deur indien u 'n putjie wil borg.

R 4 000-00	Putting Green (Vierbal inskrywing en uitdeel van bemarkings-materiaal)	
R 3 000.00	Halfweg Huis (Vier bal inskrywing en uitdeel van pamflette)	
R 2 500.00	Korperatiewe Borg (Vier bal inskrywing en uitstalling by 'n putjie ingesluit)	
R 2 000.00	Per Vier bal	
R 500.00	Borg van 'n Putjie	

Kontak ons bemarker, Izett Grimsell op 083 6800 100 of epos haar by bemarker@laerskoolbakenkop.co.za indien u 'n borgskap oorweeg.

Byvoorbaat dankie vir u ondersteuning.

Gholfgroete

Willie Fourie

Skoolhoof